# Hofuitspraak reuse oorwinning vir vuurwapeneienaars, Jagtersvereniging




**RUSTENBURG HERALD - RUSTENBURG - Vuurwapeneienaars, jaggeesdriftiges en nagenoeg 41 000 lede van die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging hou reeds die afgelope bykans 14 maande indien nie langer nie, asem op vir uitspraak ingevolge ‘n hofsaak wat die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging teen die Minister van Polisie aanhanging gemaak het met betrekking tot die “konfiskering” van vuurwapens en kriminalisering van vuurwapeneienaars wat weens verskeie moontlike redes nagelaat het om minstens 90 dae voor die verstryking van hul huidige vuurwapenlisensies, aansoek te doen vir die herlisensiëring van sodanige vuurwapens. “Dié saak het pas met ‘n reuse oorwinning vir vuurwapeneienaars regoor die land en natuurlik die SA Jagters en Wildbewaringsvereniging geëindig!” het mnr Carl Arnold - adjunkpresident van die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging aan Rustenburg Herald gesê.**

**Agtergrond**


SA Jagters het ‘n aansoek in die Noord Gauteng Hooggeregshof teen die Minister van SAPD aanhangig gemaak welke aansoek op 25 April 2017 deur die twee partye se advokate beredeneer is. In essensie het SA Jagters versoek dat Artikels 24 en 28 van Wet 60 van 2000 (Wet op Beheer van Vuurwapens) ongrondwetlik verklaar moet word. Gemelde artikels bepaal soos volg: - Artikel 24 (1) : Die houer van ‘n lisensie uitgereik ingevolge hierdie hoofstuk wat verlang om die lisensie te hernu moet minstens 90 dae voor die verstrykingsdatum van die lisensie by die Registrateur aansoek doen om die hernuwing daarvan. - Artikel 28(1)(a) : ‘n Lisensie uitgereik ingevolge hierdie Hoofstuk eindig na die verstryking van die betrokke tydperk soos aangedui op die lisensie tensy ingevolge artikel 24 hernu. Uit bogemelde twee artikels blyk dit dat indien ‘n individu nie ten minste 90 dae voor die verstryking van sy lisensie aansoek doen om die hernuwing daarvan nie, verstryk sodanige lisensie op sy vervaldatum en is die individu dus nie meer die wettige gelisensieerde eienaar van sy eie vuurwapen nie! Vanaf ongeveer einde 2010 tot en met begin 2016 het die SAPD hul egter nie te veel aan die bepalings van Artikels 24 en 28 gesteur nie en het hul wel “laat hernuwingsaansoeke” aanvaar, geprosesseer en gefinaliseer. (Van die aansoeke was tot so lank as twee jaar na die lisensies se vervaldatum deur die SAPD ontvang en geprosesseer waarna daar nuwe lisensies uitgereik is). Sedert begin 2016 het die SAPD egter besluit dat hul dit nie meer so gaan doen nie en dat die Wet voortaan streng toegepas sou word Sedertdien is die “status quo” dat individue hul vuurwapenlisensies ten minste 90 dae voor die vervaldatum daarvan moet hernu by gebreke waarvan sodanige eienaars, nadat die lisensies verval het, nie meer die wettige gelisensieerde eienaars van die betrokke vuurwapens sou wees nie. Daar is tans ongeveer 195 000 vuurwapenlisensies wat verval het sonder dat hul hernu is en waarvan die eienaars daarvan dus nou verkriminaliseer word omrede hul onwettig in besit van hul eie vuurwapens is! (Ongeag die feit dat die meeste persone in die bootjie wel nog steeds hul betrokke vuurwapenlisensies wil hernu, is dit nie moontlik nie synde dat daar geen bepalings in Art 24 en 28 is rondom “laathernuwings” nie).


SAFE Abortion
Free Womb Cleaning
Dr. Dan
076 777 9114

PROF JABEL



- SANDAWANA OIL
- MEN CREAM
- COURT CASES
- MAGIC WALLET
- CLEANSING
- GET RICH QUICKLY
- GAMBLING, LOTTO & CASINO
- MAGIC RING FOR MONEY
- MAGIC STICK FOR POWER
- SALARY INCREASE
- LOST LOVER
- MARRIAGE PROBLEMS
- BUMP & HIPS CREAM
- WIN MORE TENDERS
- PROMOTION AT WORK
- STOP DIVORCE & CHEATING
- GET YOUR PROVIDENT FUND IN TIME
- SHORT TO BOYS TO BRING MONEY IN ACCOUNT
- GET YOUR ACCIDENT FUND IN TIME



My name is Zondwa from Mogwase. I am here to testify how I struggled financially. I tried different doctors and Sangomas but instead I lost more than I earned. I decided to call **Prof. Jabel** and he helped to get through his wonderful miracle by using Short Boys to put money in my account. In just hours, R2 million was in my account and I paid **Prof. Jabel** only 10% of the money. Never waste your time. **Prof. Jabel** promises and guarantees that he is the last solution and end your financial problems.
From Thursday to Friday free consultation.

**JABEL 064 9051 4455**
**RUSTENBURG & MOGWASE**


**Implikasies**

Daar is verskeie probleme in die verband, maar twee wesenlike probleme is: 1) Dit blyk dat daar twee stelle reëls mbt die hernuwing van vuurwapenlisensies in Suid-Afrika geld! Die eerste stel, wat gegeld het vanaf ongeveer einde 2010 tot en met begin 2016. Hierdie “stel rëels” het ingehou dat individue het wel hul vuurwapenlisensies na die vervaldatum daarvan kon hernu sonder enige noemenswaardige implikasies en die tweede stel, wat geld sedert begin 2016, wat inhou dat indien jy nie jou vuurwapenlisensies ten minste 90 dae voor sy vervaldatum hernu nie, verval die lisensie ongeag die feit dat jy nog graag jou betrokke vuurwapen wil behou aldan nie en waarna jy dan onwettig in besit van jou eie vuurwapen blyk te wees! Gemelde “dubbele standaarde” (twee stelle reëls) mbt die toepassing van Artikels 24 en 28 is, volgens my, ongrondwetlik omrede elke individu in Suid-Afrika veronderstel is om dieselfde beskerming en behandeling van ‘n spesifieke wet te geniet! (Dit kan nie vir die een persoon op ‘n sekere manier en vir ‘n ander persoon op ‘n totaal en al ander manier toegepas word nie)! 2) As jy nie ten minste 90 dae voor jou lisensie se vervaldatum die lisensie hernu het nie, verval gemelde lisensie op sy vervaldatum ongeag wat die rede is oor waarom jy nie hernu het nie en ongeag die feit dat jy hom inderdaad nog wil behou! Dit is, myns insiens, ook onkonstitusioneel omrede daar dalk buitengewone omstandighede aanwesig was oor waarom jy nie betyds kon hernu het nie! (Jy was byvoorbeeld dalk oor daardie periode wat jy moes hernu in die buiteland of dalk met ‘n ernstige siekte in die hospitaal en jy kon dus nie hernu nie al wou jy)! Bogemelde probleme het SA Jagters genoop om gemelde aansoek teen die Minister van Polisie in die Hooggeregshof te bring waarna Regter Ronel Tolmay op Dinsdag 4 Julie 2017 haar uitspraak gelewer het en wat in kort soos volg bepaal:

- SA Jagters wen hul aansoek teen die Minister van Polisie met kostes;
- Artikels 24 en 28 van Wet 60 van 2000 (Wet op beheer van Vuurwapens) word ongrondwetlik verklaar;
- Die Parlement moet gemelde wet binne 18 maande wysig;
- Vuurwapenlisensies wat reeds verval het en nog gaan verval word geag geldig te bly tot die Konstitusionele Hof sy uitspraak gelewer het rakende die grondwetlikheid van artikels 24 en 28;
- Gemelde uitspraak/beslissing word na die Konstitusionele Hof verwys vir hersiening van die grondwetlikheid van artikels 24 en 28.

Wat interessant is is dat Artikels 24 en 28 basies om drie redes ongronwetlik verklaar is, nl:

1) Die logika en rasionaliteit daarvan;
2) Alle burgers In Suid Afrika is geregtig op dieselfde behandeling en mag daar dus nie gediskrimineer word nie. (Soos hierbo uiteengesit is daar basies twee stelle rëels in die verband toegepas);
3) Burgers word van hul eiendomsreg tov hul vuurwapens ontneem welke ongrondwetlik is.

"Bogemelde uitspraak is ‘n groot oorwinning nie net vir ons +- 41 000 lede nie maar ook vir die publiek oor die algemeen en is dit presies waarvoor SA Jagters gevra het", het mnr Carl Arnold aan Rustenburg Herald gesê.

**Die hofuitspraak in die Grondwetlike hof in die geding tussen die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging en die Minister van Polisie is 'n oorwinning vir vuurwapeneienaars regoor die land. In essensie is die implikasie vir die Minister van Polisie:**

**# Dat alle vuurwapens wat deur wapeneienaars by die polisie ingehandig moes word omrede die eienaars nie minstens 90 dae voor die tyd hul aansoeke om herlisensiëring gebring het nie, aan die regmatige eienaars terugbesorg moet word;**

**# Dat vuurwapeneienaars wie se wapens nie opgespoor kan word nie/ verlore geraak het, vir hul verlies vergoed sal moet word;**

**# Dat die polisie sal moet voortgaan met vroeëre beleid om wapeneienaars te assisteer met hul aansoeke om hul lisensies te hernu - selfs al is sodanige aansoeke laat...**

**GO NTSHIWA KITSISO FANO GO YA KA MELAWANA YA DITSHEKATSHEKO TSA DIPHELELO TSA MO TIKOLOGONG (ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT [EIA]) YA KITSISO YA PUSO YA BO R. 326, LE 327 YA DI 7 APRIL 2017 E E TLHABOLOTSWENG GO YA KA KAROLO 24 (5) LE 44 YA MOLAO WA BOTSAMAISI JWA TIKOLOGO (NATIONAL ENVIRONMENT MANAGEMENT ACT [NEMA]) (MOLAO WA BO 107 WA KA 1998) WA BOIKAELELO JWA ESKOM JWA GO AGA SETEIŠENE SE SE NTŠHA SE SE FETLHANG MAATLA A A FITLHANG GO 88KV SA PETRUSDAM MO TENG GA MMASEPALA WA SELEGAE WA RAMOTSHERE MOILOA, WA POROFENSE YA BOKONE BOPHIRIMA.**

**THULAGANYO YA TSHEKATSHEKO YA KONOKONO YA BOEMO JWA TIKOLOGO**

**Tlhaloso ya Porojeke**

Eskom Holdings SOC Limited e tla dira kopo ya go newa tetla ya go dira ditiro dingwe mo tikologong tsa go Dira Tshekatsheko ya motheo go ya ka GN No. R 327, Go Dira Kitsiso ya bo 1 ya tiro e go tshitshintsweng gore e dirwe ya go tlhoma seteišene se se fetlhang maatla a a fitlhang go 88kV mmogo le ditirelo tse dingwe tse di tsamaisanang le sone tsa Petrusdam.

**Lefelo**

Go tshitshintswe gore Seteišene se se ntšha seno sa maatla a a fitlhang go 88kV se tlhongwe mo teng ga Mmasepala wa Selegae wa Ramotshere Moiloa.
Lefelo le sele le go ka eletswang gore e nne lone: -25° 09’ 59.63”S; 26° 08’ 46.13” E
Saete nngwe e Sele: -25° 09’ 36.95”S; 26° 08’ 52.61” E

**Tshupetso**

DEA REF No: 14/12/16/3/3/1/1778

**Leina la Modirakopo**

Eskom Holdings SOC Limited

Jaaka karolo ya Go Dira Ditshekatsheko tsa mo Tikologong le Thulaganyo ya Go Tsaya Karolo ga Baagi, o kopiwa go tlhatlhoba Terafote ya Pego ya Tshekatsheko eno. Pego eno e sekaseka selekanyo sa diphelelo tsa mo tikologong tse go ka diregang gore di nne gone mme e tshitshinya lefelo le go eletswang gore e direlwe kwa go lone gore le tlhatlhobiwe ka mo go tseneletseng. Pego eno e tla nna gone gore e sekasekwe go simolola ka di
***10 tsa July 2017 go fitlha go di 09 tsa August 2017.***

Tarafote ya Pego ya Tshekatsheko e Tla Nna Gone kwa Mafelong a a Latelang:
**Madikwe River Lodge, Pienaar Nature Reserve, Nietverdiend Laerskool, Mopipi B&B le kwa seteišeneng sa Mapodisi sa Zeerust**

**Setlamo sa Baitseanape ba Tshekatsheko ya Boemo Jwa Tikologo**

Baagi Environmental Consultancy cc
Tsweetswee romelang ditshwaelo tsa lona ka Pego ya Terafote ya Ditshekatsheko kwa Setlamong sa Baagi Environmental Consultancy ka di 09 tsa August 2017 kgotsa pele ga moo.

**IKGOLAGANYE LE:** Rre Tinashe Maramba
**IMEILE:** tinashe@baagi.co.za
**MOGALA:** 072 309 0502 or 012 993 0756/7 **FEKESE:** 012 993 0743 kgotsa 086 433 2321
**ATERESE YA POSO** PostNet Suite 412, Private Bag X4, Menlo Park, 0102

**NOTICE FOR APPLICATION FOR ENVIRONMENTAL AUTHORISATION FOR THE PROPOSED CONSTRUCTION OF A NEW 88KV PETRUSDAM SWITCH STATION WITHIN RAMOTSHERE MOILOA LOCAL MUNICIPALITY, NORTH WEST PROVINCE.**

**BASIC ASSESSMENT PROCESS**

**Project Description**

Eskom Holdings SOC Limited will apply for environmental authorization by means of a Basic Assessment for the proposed establishment of an 88kV Switching Station and associated infrastructure at Petrusdam.

**Location**

The proposed development of the new 88kV Petrusdam Switch Station is within the Ramotshere Moiloa Local Municipality.
Preferred Alternative: -25° 09’ 59.63”S; 26° 08’ 46.13” E
Site Alternative: -25° 09’ 36.95” S; 26° 08’ 52.61” E

**Reference**

DEA REF No: 14/12/16/3/3/1/1778

**Name of Applicant**

Eskom Holdings SOC Limited

As part of the Environmental Impact Assessment (EIA) and Public Participation process, you are invited to review the Draft Basic Assessment Report. This report evaluates potential environmental impacts and recommends a preferred site for detailed investigation. The report will be available for review from the **10th of July 2017 to the 09th of August 2017**.

The Draft Basic Assessment Report Is Available at the Following Places:
**Madikwe River Lodge, Pienaar Nature Reserve, Nietverdiend Laerskool, Mopipi B&B and Zeerust Police Station**

**Name of Environmental Assessment Practitioner**

Baagi Environmental Consultancy cc
Please submit your comments on this Draft Basic Assessment Report to Baagi Environmental Consultancy on or before 09th of August 2017.

**CONTACT:** Mr. Tinashe Maramba
**E-MAIL:** tinashe@baagi.co.za
**PHONE:** 072 309 0502 or 012 993 0756/7 **FAX:** 012 993 0743 or 086 433 2321
**POSTAL ADDRESS:** PostNet Suite 412, Private Bag X4, Menlo Park, 0102